Decorton

Retaining Systems (Edms.) Bpk.

Spesialiste in keerwal-konstruksie & siviele werk

Decorton bied 'n allesinsluitende diens aan ons industriële en huishoudelike kliënte wat strek van die voorsiening van 'n volle reeks keerwalle en erosiestelsels, tot die ontwerp en konstruksie van:

- voorafvervaardigde keerwalle
- hellingstabilisering
- oewerbedekking
- kanaalvoerings
- kusbeskerming
- harde en sagte landskapering

Toekennings

BSEB-voldoenend

Decorton Retaining Systems (Edms.) Bpk. is sedert sy totstandkoming in 1992 die leidende spesialis in die mark vir voorafvervaardigde keerwalle. Decorton ontvang gereeld bedryfserkenning vir hoë standaarde in kwaliteit en estetika, en nasionale, streeks- en premiumtoekennings vir uitmuntendheid van die Betonvervaardigersvereniging (CMA).

Decorton is die enigste keerwalmaatskappy in Suid-Afrika om vier nasionale, vier streeks- en twee premiumtoekennings by die tweejaarlikse CMA-toekennings te ontvang.

By die Konstrukstrukiebedryf-ontwikkelingsraad (CDIB) en CMA geregistreer.

Projekte

Deeglike kennis van plaaslike terreine plaas ons aan die voorpunt van die mees uitdagende installasies: steil hellings, moeilike en beperkte toegang, nat kleigrond, slegte dreinering, kusduine, riveroewers en stormwateruitlaat-erosie.

Decorton is ingenieurs, argitekte en landskapeerders se eerste keuse vir projekte wat wissel van swaardiens-keerwalstelsels tot geraasverminderingskerms; strandtoegange tot tennisbane.

Huishoudelik

trappe, swembaddens, inritte, tennisbane, oewers, tuinversierings

... bv. van die steil berghange van Boyesrylaan bo Kalkbaai en Clifton se Nettletonweg, tot luukse landgoedere in Bishopscourt en Constantia.

Industrieel

oewers, omgewingsbewaring (erosiebeheer, geraasverminder-ing), trappe, sitplek, pawiljoene

... bv. ons kommersiële kliënte sluit in:

- Tygervallei Waterkant
- Tygerberg Winkelsentrum
- Tygerberg Kantoorpark
- V&A Waterfront
- Helderberg Village
- Bayside Winkelsentrum
- Oasis Aftreesentrum
- Transnet (Sishen, Noord-Kaap)
- Metrorail Kaapstad
- Kaapse Stadsraad
- Weskaapse Padprojekte
- Llandudno hooftoegangsweg

- Kaapstad Stadion
- Kaapse wynlandgoedere: Kanonberg en L'Ormarins
- Tafelberg Nasionale Park

Produkte



Löffelstein®-blokke

Löffelstein® is 'n droogstapel-in-haakstelsel vir keerwalle wat ideaal geskik is vir die stut van sny-en-vul-hellings van tussen 3 en 15m hoog. Hierdie spesiaal ontwerpte blokke is strukureel stabiel en benodig nie bykomende beton-binnevul nie. Die veeldoelige, aanpasbare en plant-bare blokke word as aansigte vir geosinteties-versterkte hellings gebruik, asook vir Geonail- of klipgeankerde snyhellings.



Decorwall block®

Die Decorwall-blok is 'n ekonomiese en innoverende konsep wat 'n nuwe toekoms aan die keerwalbedryf bied. Dit is die enigste geslotegesig-blok met 'n positiewe inhaakstelsel. Hierdie unieke ontwerp help voorkom blokvergruising by hoë mure, wat dit uitsonderlik sterk en vinnig maak om op te rig. 'n Verdere voordeel is dat die blok maklik beplant kan word.



Terraforce®-blokke

Terraforce® keerwalblokke is ideaal vir die konstruksie van ligte terrasse tot swaar, saamgestelde mure.

Konvekse en konkawe hoeke en kurwes met 'n onbeperkte radius maak komplekse ontwerpe vir enige perseelsituasie moontlik. Die veel-doelige en omkeerbare blokke met hul inhaakelemente bied hoogs plantbare keerwalle. Ideaal vir terras-vorming van hellingpersele, die stabilisering van rivieroewers, inritte, swembaddens en paaie, en vir die skep van trappe en voetpaadjies. Die gebruik van Terraforce®-elemente beheer ligte erosie, verminder ver-damping, verbeter dreinering, en laat doeltreffende invul-kompaktering toe. Oorhangende plantegroei dien as afskrikmiddel vir graffiti.

Terrace Blok®

Die Infraset Terrace Blok®-stelsel is 'n ekonomiese, masjienvervaardigde blok met unike kenmerke wat dit as markleier gevestig het. Die ontwerp van sy oop agterkant en trogvorm bevorder gesonde, vinnige plantegroei en beperk nie wortelvorming nie, wat tot die vinnige stabilisering van tuinhellings bydra.

'n Veilige en omgewingsensitiewe installasie gewaarborg: hierdie produkte word sover moontlik van herwonne materiale vervaardig, en het 'n volle vervaardigers-waarborg.

Volskaalse toetse is deur onaf-hanklike geotegniese ingenieurs onderneem om die ontwerp-integriteit van die stelsels te vestig.

Kwaliteite sluit in voortreflike drakapasiteit, veeldoeligheid, aanpasbaarheid en plantbaarheid.

Kontak ons

Hoofstraat, Klapmuts, Paarl
Posbus 36, Klapmuts, 7625
Weskaap, Suid-Afrika

Tel: +27 21 875 5155
Faks: +27 21 875 5170
E-pos: walls@decorton.co.za

Suidelike voorstede:
Jeremy Leighton: +27 83 226 4355
Noordelike voorstede:
S.P. van Blerk: +27 83 229 9842